



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

WAARDEDALING VAN

KONTANTGENERERENDE BATES

(AERP 26)

Erkenning

Hierdie voorgestelde Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Impairment of Cash-generating Assets* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Impairment of Cash-generating Assets* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gesetel en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2009 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

INHOUD

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Waardedaling van Kontantgenererende Bates

	Paragraawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .09
Woordomskrywings	.10 - .18
Kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates	.11 - .16
Waardevermindering	.17
Waardedaling	.18
Identifisering van 'n bate waarvan die waarde kon gedaal het	.19 - .29
Meting van die verhaalbare bedrag	30 - .69
Meting van die verhaalbare bedrag van 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur	.36
Billike waarde minus koste om te verkoop	.37 - .41
Waarde in gebruik	.42 - .44
Grondslag vir ramings van toekomstige kontantvloei	.45 - .50
Samestelling van ramings van toekomstige kontantvloei	.51 - .65
Toekomstige kontantvloei in buitelandse valuta	.66
Diskontokoers	.67 - .69
Erkenning en meting van 'n waardedalingsverlies van 'n individuele bate	.70 - .75
Kontantgenererende eenhede	.76 - .97
Identifisering van die kontantgenererende eenheid waartoe 'n bate behoort	.77 - .84
Verhaalbare bedrag en drabedrag van 'n kontantgenererende eenheid	.85 - .90
Waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid	.91 - .97
Omswaai van 'n waardedalingsverlies	.98 - .113
Omswaai van 'n waardedalingsverlies vir 'n individuele bate	.107 - .111
Omswaai van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid	.112 - .113
Heraanwysing van bates	.112 - .113
Openbaarmaking	.116 - .126

AERP 26

Openbaarmaking van ramings wat gebruik word om verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede te meet wat ontasbare bates met onbepaalde nutsduur bevat	.124 - .126
Oorgangsbepalings	.127 - .128
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.127
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.128
Datum van inwerkingtrede	.129 - .130
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.129
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.130
Bylae A: Vloeikaart om 'n waardedalingsverlies vir kontantgenererende bates en kontantgenererende eenhede te bepaal	
Bylae B: Individuele bates in kontantgenererende eenhede (KGE's)	
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Impairment of Cash-generating Assets</i> (Januarie 2008)	

WAARDEDALING VAN KONTANTGENERERENDE BATES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Maart 2009 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sederdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings ná die hersiening van AERP 100 Gestaakte Bedrywighede in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 26 aangebring is en die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Die bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);

- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* word in paragraaf .01 tot .130 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die prosedures voor te stel wat 'n entiteit toepas om vas te stel of 'n kontantgenererende bate in waarde gedaal het en om te verseker dat waardedalingsverliese erken word. Die Standaard spesifiseer ook wanneer 'n entiteit 'n waardedalingsverlies moet omswaai en skryf openbaarmakings voor.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van die waardedaling van kontantgenererende bates toepas, met die uitsondering van:*

- (a) *voorraad (kyk die Standaard van AERP oor Voorraad);*
- (b) *bates wat uit konstruksiekontrakte voortspruit (kyk die Standaard van AERP oor Konstruksiekontrakte);*
- (c) *finansiële bates wat binne die bestek van die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente val;*
- (d) *beleggingseiendom wat teen billike waarde gemeet word (kyk die Standaard van AERP oor Beleggingseiendom);*
- (e) *uitgesteldebelaasting-bates (kyk die International Accounting Standard on Income Taxes);*
- (f) *bates wat uit werknemervoordele voortspruit (kyk die Standaard van AERP oor Werknemersvoordele);*
- (g) *biologiese bates wat met landboubedrywighede verband hou en wat gemeet word teen billike waarde minus koste om te verkoop (kyk die Standaard van AERP oor Landbou);*
- (h) *uitgestelde verkrygingskoste en ontasbare bates wat voortspruit uit 'n versekeraar se kontraktuele regte kragtens versekeringskontrakte binne die omvang van die International Financial Reporting Standard on Insurance Contracts; en*
- (i) *ander kontantgenererende bates ten opsigte waarvan rekeningkundige vereistes vir waardedaling in 'n ander Standaard van AERP ingesluit word.*

- .03 *Entiteite wat niekontantgenererende bates soos omskryf in paragraaf .10 bestuur, moet die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates op sulke bates toepas. Entiteite wat kontantgenererende bates hou, moet die vereistes van hierdie Standaard op kontantgenererende bates toepas.*

- .04 Hierdie Standaard is nie van toepassing op voorraad en kontantgenererende bates wat uit konstruksiekontrakte voortspruit nie, omdat bestaande Standaarde van AERP wat op op hierdie bates van toepassing is, vereistes bevat vir die erkenning en meting van sodanige bates (kyk die Standaarde van AERP oor Voorraad en Konstruksiekontrakte). Hierdie Standaard is nie van toepassing op uitgesteldebelaastingbates (kyk die tersaaklike International

Accounting Standard), bates verwant aan werknemersvoordele (kyk die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*), of uitgestelde verkrygingskoste en ontasbare bates wat voortspruit uit 'n versekeraar se kontraktuele regte ingevolge versekeringskontrakte (kyk die tersaaklike International Financial Reporting Standard) nie. Daarbenewens is hierdie Standaard nie van toepassing op biologiese bates wat met landboubedrywighele verband hou en wat teen billike waarde minus koste om te verkoop gemeet word nie. Die tersaaklike Standaarde van AERP wat oor sodanige bates handel, bevat metingsvereistes.

.05 Hierdie Standaard is nie van toepassing op finansiële bates wat binne die bestek van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* val nie. Waardedaling van hierdie bates word in daardie Standaard hanteer.

.06 Hierdie Standaard skryf nie die toepassing van 'n waardedalingstoets voor vir 'n beleggingseiendom wat teen billike waarde ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* gedra word nie. Ingevolge die billikewaarde-model in die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* word 'n beleggingseiendom op elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra, en enige waardedaling moet in die waardasie in berekening gebring word.

.07 Beleggings in:

- (a) beheerde entiteite, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*;
- (b) geassosieerdes, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes*; en
- (c) gesamentlike ondernemings, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings*;

is finansiële bates wat uitgesluit is van die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*. Indien sodanige beleggings beskou kan word as kontantgenererende bates, word hulle ooreenkomstig hierdie Standaard hanteer. Indien hierdie bates as niekontantgenererende bates beskou kan word, word hulle ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* hanteer.

.08 Hierdie Standaard is van toepassing op kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en erfenisbates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*. Die billike waarde vir hierdie bates word nie op elke verslagdoeningsdatum vasgestel nie, maar hang van die gereeldheid van veranderinge in die billike waarde van een verslagdoeningstydperk na die volgende af. Die entiteit moet derhalwe op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar 'n aanduiding is dat die waarde van die bate sedert die laaste herwaardasie gedaal het.

.09 'n Oordraggewer wat 'n kontantgenererende bate of 'n kontantgenererende eenheid hou wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer afgestaan moet word (kyk die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*), en kombinerende entiteite wat 'n kontantgenererende bate of 'n

kontantgenererende eenheid hou wat in 'n samesmelting oorgedra moet word (kyk die Standaard van AERP oor *Samesmeltings*), moet die beginsels in hierdie Standaard tot op die oordrag- of samesmeltingsdatum toepas.

Woordomskrywings

.10 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

Kontantgenererende bates is bates wat bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer.

'n Kontantgenererende eenheid is die kleinste identifiseerbare groep bates wat bestuur word met die oogmerk om 'n kommersiële opbrengs te genereer wat kontantinvloei genereer deur voortgesette gebruik wat hoofsaaklik onafhanklik is van die kontantinvloei van ander bates of groepe bates.

Vervreemdingskoste is inkrementele koste wat regstreeks aan die vervreemding van 'n bate toegeskryf kan word, buiten finansieringskoste en inkomstebelastinguitgawes.

Billike waarde minus koste om te verkoop is die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen kundige, gewillige partye, minus die koste van vervreemding.

'n Waardedaling is 'n verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering.

'n Waardedalingsverlies van 'n kontantgenererende bate is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry.

Niekontantgenererende bates is bates buiten kontantgenererende bates.

Die verhaalbare bedrag van 'n bate of 'n kontantgenererende eenheid is die hoogste van die billike waarde daarvan minus koste om dit te verkoop en waarde daarvan in gebruik.

Waarde in gebruik van 'n kontantgenererende bate is die huidige waarde van die geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit die voortdurende gebruik van 'n bate en die vervreemding daarvan na afloop van die nutsduur daarvan verkry sal word.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates

.11 Selfs al het die meeste entiteite normaalweg dienslewering as hul doelwit, kan die bestuur sy diskresie uitoefen om bates te verkry en te bestuur om 'n kommersiële opbrengs te bewerkstellig. Sommige bates kan slegs as niekontantgenererende bates bestuur word, terwyl ander bestuur kan word as kontantgenererende bates wat 'n kommersiële opbrengs voortbring.

- .12 Kontantgenererende bates is bates wat bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer. 'n Bate genereer 'n kommersiële opbrengs wanneer dit ontplooi word op 'n manier wat ooreenstem met dié wat deur 'n winsgeoriënteerde entiteit aanvaar is. Die bestuur van 'n bate om 'n "komersiële opbrengs" te genereer dui aan dat 'n entiteit die bedoeling het om positiewe kontantinvloei uit die bate te genereer (of uit die kontantgenererende eenheid waarvan die bate deel is) en 'n kommersiële opbrengs te verdien wat 'n aanduiding is van die risiko wat by die bestuur van die bate betrokke is. 'n Bate kan bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer selfs al bereik dit nie gedurende 'n bepaalde verslagdoeningstydperk daardie doelwit nie. Omgekeerd kan 'n bate 'n niekontantgenererende bate wees selfs al breek dit gelyk of genereer dit 'n kommersiële opbrengs gedurende 'n bepaalde verslagdoeningstydperk. Tensy anders vermeld, is verwysings na "n bate" of "bates" in die volgende paragrawe van hierdie Standaard verwysings na "(n) kontantgenererende bate(s)".
- .13 Daar is bepaalde omstandighede waaronder entiteite sommige bates kan bestuur met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer, hoewel die meeste van die bates nie vir daardie doel bestuur word nie. 'n Hospitaal kan byvoorbeeld 'n gebou vir betalende pasiënte ontplooi. Kontantgenererende bates van 'n entiteit kan onafhanklik van die niekontantgenererende bates van die entiteit funksioneer.
- .14 In bepaalde gevalle kan 'n bate kontantvloei genereer, hoewel dit vir diensleweringdoeleindes bestuur word. 'n Afvalwegdoeningsaanleg word byvoorbeeld bedryf om die veilige wegdoening met mediese afval wat deur staatsbeheerde hospitale gegenereer word te verseker, maar die aanleg behandel ook op 'n kommersiële grondslag 'n klein hoeveelheid mediese afval wat deur ander private hospitale gegenereer word. Die behandeling van mediese afval van die private hospitale val saam met die bedrywighede van die aanleg, en die bates wat kontantvloei genereer, kan nie van die niekontantgenererende bates onderskei word nie.
- .15 In ander gevalle kan 'n bate kontantvloei genereer en ook vir niekontantgenererende doeleindes bestuur word. 'n Openbare hospitaal het byvoorbeeld tien sale, waarvan nege op 'n kommersiële grondslag vir betalende pasiënte bestuur word, terwyl die ander vir niebetalende pasiënte bestuur word. Pasiënte in al die sale gebruik die ander hospitaalgeriewe gesamentlik (byvoorbeeld die teaterfasiliteite). Die mate waarin die bate met die oog op die lewering van 'n kommersiële opbrengs bestuur word, moet in aanmerking geneem word om vas te stel of die entiteit die bepalinge van hierdie Standaard of die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* behoort toe te pas. Indien die niekontantgenererende komponent soos in hierdie voorbeeld 'n onbelangrike deel van die reëling in die geheel uitmaak, moet die entiteit hierdie Standaard eerder as die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* toepas.
- .16 In sommige gevalle sal dit nie duidelik wees of dit die doel met die bestuur van 'n bate is om 'n kommersiële opbrengs te genereer nie. In sulke gevalle is dit nodig om die beduidendheid van die kontantvloei te evalueer. Dit mag moeilik wees om vas te stel of die mate waarin die bate kontantinvloei genereer, so beduidend is dat hierdie Standaard van toepassing is eerder as

die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*. Gesonde oordeel is nodig om vas te stel watter Standaard om aan te wend. 'n Entiteit ontwikkel maatstawwe om oordeel konsekwent te kan uitoefen ooreenkomstig die omskrywing van kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates en met die verbandhoudende riglyne in paragraaf .11 tot .15. Paragraaf .116 vereis dat 'n entiteit die maatstawwe openbaar maak wanneer hierdie beslissing geneem word. In die lig van die algehele doelwitte van die meeste entiteite is die veronderstelling egter dat bates in hierdie omstandighede niekontantgenererend is en dat die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* derhalwe van toepassing sal wees.

Waardevermindering

- .17 Waardevermindering en amortisasie is die sistematiese toedeling van die afskryfbare bedrag van 'n bate oor die nutsduur daarvan. In die geval van 'n ontasbare bate word die term "amortisasie" gewoonlik gebruik in plaas van "waardevermindering". Albei terme het dieselfde betekenis.

Waardedaling

- .18 Hierdie Standaard omskryf 'n "waardedaling" as 'n verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering. Waardedaling van 'n kontantgenererende bate weerspieël derhalwe 'n daling in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal beliggaam in 'n bate vir die entiteit wat dit beheer. 'n Entiteit kan byvoorbeeld oor 'n munisipale parkeergarage beskik wat tans teen 25 persent van sy kapasiteit benut word. Dit word vir kommersiële doeleindes gehou en die bestuur het geraam dat dit 'n kommersiële opbrengskoers genereer wanneer gebruik op 75 persent van kapasiteit en hoër is. Die afname in gebruik het nie gepaard gegaan met 'n beduidende verhoging in parkeergeld nie. Daar word geoordeel dat die bate in waarde gedaal het omdat die drabedrag daarvan die verhaalbare bedrag daarvan oorskry.

Identifisering van 'n bate waarvan die waarde kon gedaal het

- .19 Die waarde van 'n bate het gedaal wanneer die drabedrag daarvan die verhaalbare bedrag oorskry. Paragraaf .23 tot .25 beskryf sommige faktore wat daarop dui dat 'n waardedalingsverlies kon voorgekom het. Indien enigeen van daardie aanduidings aanwesig is, word van 'n entiteit vereis om 'n formele raming van die verhaalbare bedrag te maak. Afgesien van die omstandighede wat in paragraaf .21 beskryf word, vereis hierdie Standaard nie dat 'n entiteit 'n formele raming van 'n verhaalbare bedrag maak as daar geen aanduiding van 'n waardedalingsverlies bestaan nie.
- .20 ***'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding bestaan dat die waarde van 'n bate gedaal het. Indien daar enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit 'n raming van die verhaalbare bedrag van die bate maak.***

- .21** *Ongeag of daar enige aanduiding van waardedaling is, moet 'n entiteit ook 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur of 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, jaarliks vir waardedaling toets deur die drabedrag daarvan met die verhaalbare bedrag daarvan te vergelyk. Hierdie waardedalingstoets kan te eniger tyd gedurende die verslagdoeningstydperk uitgevoer word, mits dit op dieselfde tyd elke jaar uitgevoer word. Verskillende ontasbare bates kan op verskillende tye vir waardedaling getoets word. Indien so 'n ontasbare bate egter aanvanklik gedurende die huidige verslagdoeningstydperk erken is, moet daardie ontasbare bate voor die einde van die huidige verslagdoeningstydperk vir waardedaling getoets word.*
- .22** Die vermoë van 'n ontasbare bate om voldoende toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal te genereer om die drabedrag daarvan te verhaal is gewoonlik onderhewig aan groter onsekerheid voordat die bate vir gebruik beskikbaar is as nadat dit vir gebruik beskikbaar is. Derhalwe vereis hierdie Standaard dat 'n entiteit die drabedrag van 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, ten minste jaarliks vir waardedaling moet toets.
- .23** *By evaluering of daar enige aanduiding is dat die waarde van 'n bate kon gedaal het, moet 'n entiteit ten minste die volgende aanduidings in ag neem:*

Eksterne inligtingsbronne

- (a)** *Gedurende die tydperk het 'n bate se markwaarde beduidend verder afgeneem as wat verwag sou word vanweë die verloop van tyd of normale gebruik.*
- (b)** *Beduidende veranderinge met 'n nadelige uitwerking op die entiteit het gedurende die tydperk plaasgevind of sal in die nabye toekoms plaasvind in die tegnologiese, mark-, ekonomiese of wetlike omgewing waarin die entiteit funksioneer of in die mark waarop die bate gerig is.*
- (c)** *Markrentekoerse of ander markkoerse van opbrengs op beleggings het gedurende die tydperk gestyg, en daardie stygings sal waarskynlik die diskontokoers beïnvloed wat by die berekening van 'n bate se waarde in gebruik aangewend word en die bate se verhaalbare bedrag wesenlik verminder.*

Interne inligtingsbronne

- (d)** *Bewyse is beskikbaar van veroudering van of fisiese skade aan 'n bate.*
- (e)** *Beduidende veranderinge met 'n nadelige uitwerking op die entiteit het gedurende die tydperk plaasgevind, of sal na verwagting in die nabye toekoms plaasvind, in die mate waarin of die wyse waarop 'n bate gebruik word of na verwagting gebruik sal word. Hierdie veranderinge behels dat die bate in onbruik verval, dat daar planne bestaan om die bedrywigheid waartoe 'n bate behoort te staak of te herstruktureer, dat daar planne bestaan om weg te doen met 'n bate voor die voorheen verwagte datum, en dat die herevaluering van*

die nutsduur van 'n bate as begrens eerder as onbepaald beskou sal word.

- (f) **'n Besluit is geneem om die konstruksie van die bate te staak voordat dit voltooi of in 'n bruikbare toestand is.**
 - (g) **Bewyse is beskikbaar van interne verslagdoening wat daarop dui dat die ekonomiese werkverrigting van 'n bate aansienlik swakker is as wat verwag is, of swakker sal word.**
- .24 Die lys in paragraaf .23 is nie volledig nie. 'n Entiteit kan ander aanduidings dat 'n bate in waarde gedaal het, identifiseer en dit kan ook meebring dat die entiteit die bate se verhaalbare bedrag sal moet vasstel.
- .25 Bewyse van interne verslagdoening wat daarop dui dat die waarde van 'n bate kon gedaal het, sluit die bestaan in van:
- (a) kontantvloei vir die verkryging van die bate, of daaropvolgende kontantbehoefte vir die bedryf of instandhouding daarvan, wat beduidend hoër is as dié waarvoor oorspronklik begroot is;
 - (b) werklike netto kontantvloei of surplus of tekort wat uit die bate voortspruit wat beduidend swakker is as dié waarvoor begroot is;
 - (c) 'n beduidende daling in begrote netto kontantvloei of surplus, of 'n beduidende styging in begrote verlies wat uit die bate voortspruit; of
 - (d) tekorte of netto kontantuitvloei vir die bate, wanneer huidigetydperkbedrae by begrote bedrae vir die toekoms getel word.
- .26 Soos in paragraaf .21 aangedui, vereis hierdie Standaard dat 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur of 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, ten minste jaarliks vir waardedaling getoets moet word.
- .27 Ter verduideliking van paragraaf .26: indien markrentekoerse of ander markkoerse van opbrengs op beleggings gedurende die tydperk gestyg het, word daar nie van 'n entiteit verwag om in die volgende gevalle 'n formele raming van 'n bate se verhaalbare bedrag te maak nie:
- (a) Indien dit onwaarskynlik is dat die diskontokoerse wat by die berekening van die bate se waarde in gebruik aangewend word, deur die styging in hierdie markkoerse beïnvloed sal word. Stygings in korttermynrentekoerse sal byvoorbeeld nie 'n wesenlike invloed hê op die diskontokoerse wat vir 'n bate met 'n lang oorblywende nutsduur gebruik word nie.
 - (b) Indien dit waarskynlik is dat die diskontokoerse wat by die berekening van die bate se waarde in gebruik aangewend word, deur die styging in hierdie markkoerse beïnvloed sal word, maar vorige gevoeligheidsontleding van die verhaalbare bedrag toon dat:
 - (i) dit onwaarskynlik is dat daar 'n wesenlike afname in die verhaalbare bedrag sal wees omdat toekomstige kontantvloei waarskynlik ook sal toeneem (in sommige gevalle kan dit vir 'n entiteit byvoorbeeld moontlik wees om aan te toon dat hy sy inkomste aanpas (hoofsaaklik valuta-inkomste) om te vergoed vir enige toename in markkoerse); of

- (ii) dit onwaarskynlik is dat die afname in verhaalbare bedrag 'n wesenlike waardedalingsverlies tot gevolg sal hê.
- .28 Afgesien van die situasie waar die vereistes van paragraaf .21 toepaslik is, is die konsep van wesenlikheid van toepassing by die vasstelling of die verhaalbare bedrag van 'n bate geraam moet word. Indien vorige evaluerings byvoorbeeld toon dat 'n bate se verhaalbare bedrag beduidend hoër is as die drabedrag daarvan, hoef die entiteit nie die bate se verhaalbare bedrag weer te raam indien daar niks plaasgevind het wat daardie verskil kon uitgeskakel het nie. Insgelyks kan vorige ontledings toon dat 'n bate se verhaalbare bedrag nie gevoelig is vir een (of meer) van die aanduidings wat in paragraaf .23 vermeld word nie.
- .29 Indien daar 'n aanduiding is dat die waarde van 'n bate gedaal het, kan dit daarop dui dat die oorblywende nutsduur, die waardevermindering (amortisasie-) metode of die reswaarde vir die bate hersien moet word en aangesuiwer moet word ooreenkomstig die Standaard wat op die bate van toepassing is, selfs al word geen waardedalingsverlies vir die bate erken nie.

Meting van die verhaalbare bedrag

- .30 Hierdie Standaard omskryf verhaalbare bedrag as die hoogste van 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop en die waarde daarvan in gebruik. Paragraaf .31 tot .69 sit die vereistes vir die meting van die verhaalbare bedrag uiteen. Hierdie vereistes maak gebruik van die term "bate", maar is ewe goed van toepassing op 'n individuele bate of 'n kontantgenererende eenheid.
- .31 Dit is nie altyd nodig om sowel 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop as die gebruikswaarde vas te stel nie. Indien enigeen van hierdie bedrae die bate se drabedrag oorskry, was daar nie waardedaling van die bate nie en is dit nie nodig om die ander bedrag te raam nie.
- .32 Dit kan moontlik wees om billike waarde minus koste om te verkoop vas te stel, selfs indien 'n bate nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie. Soms egter sal dit nie moontlik wees om billike waarde minus koste om te verkoop vas te stel nie, omdat daar geen grondslag bestaan vir die maak van 'n betroubare raming van die bedrag wat uit die verkoop van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte en gewillige partye verkry kan word nie. In daardie geval kan die entiteit die bate se waarde in gebruik as die verhaalbare bedrag daarvan aanwend.
- .33 Indien daar geen rede is om te glo dat 'n bate se waarde in gebruik die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop wesenlik oorskry nie, kan die bate se billike waarde minus koste om te verkoop as die verhaalbare bedrag daarvan gebruik word. Dit sal dikwels die geval wees vir 'n bate wat vir vervreemding gehou word. Dit is omdat die waarde in gebruik van 'n bate wat vir vervreemding gehou word, hoofsaaklik sal bestaan uit die netto vervreemdingsopbrengs, aangesien die toekomstige kontantvloei uit voortdurende gebruik van die bate tot by die vervreemding daarvan waarskynlik onbeduidend sal wees.
- .34 Die verhaalbare bedrag word vir 'n individuele bate vasgestel, tensy die bate nie kontantvloei genereer wat grootliks onafhanklik is van dié van ander

bates of groepe bates nie./// Indien dit die geval is, word die verhaalbare bedrag vasgestel vir die kontantgenererende eenheid waartoe die bate behoort (kyk paragraaf .85 tot .90), tensy:

- (a) óf die bate se billike waarde minus koste om te verkoop hoër is as die drabedrag daarvan;
 - (b) óf die bate deel is van 'n kontantgenererende eenheid maar in staat is om kontantvloeï individueel te genereer, daar geraam kan word dat die bate se waarde in gebruik na aan die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop is, en die bate se billike waarde minus koste om te verkoop vasgestel kan word.
- .35 In sommige gevalle kan ramings, gemiddeldes en berekeningskortpaaie redelike benaderings verskaf van die gedetailleerde berekenings vir die vasstelling van billike waarde minus koste om te verkoop of waarde in gebruik.

Meting van die verhaalbare bedrag van 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur

- .36 Paragraaf .21 vereis dat 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur jaarliks vir waardedaling getoets moet word deur die drabedrag met die verhaalbare bedrag daarvan te vergelyk, ongeag of daar enige aanduiding bestaan dat die waarde daarvan gedaal het. Die jongste uitvoerige berekening van so 'n bate se verhaalbare bedrag wat in 'n vorige tydperk gemaak is, kan egter in die waardedalingstoets vir daardie bate in die huidige tydperk gebruik word, mits daar aan al die volgende maatstawwe voldoen word:
- (a) indien die ontasbare bate nie kontantinvloei genereer uit voortdurende gebruik wat grootliks onafhanklik is van dié van ander bates of groepe bates nie en derhalwe vir waardedaling getoets word as deel van die kontantgenererende eenheid waartoe dit behoort, het die bates en laste wat daardie eenheid uitmaak, nie beduidend verander sedert die mees onlangse berekening van die verhaalbare bedrag nie;
 - (b) die berekening van die jongste verhaalbare bedrag het uitloop op 'n bedrag wat die bate se drabedrag beduidend oorskry het; en
 - (c) gegrond op 'n ontleding van gebeure wat plaasgevind het en omstandighede wat verander het sedert die jongste berekening van die verhaalbare bedrag, die waarskynlikheid gering is dat 'n huidige vasstelling van die verhaalbare bedrag minder as die bate se drabedrag sal wees.

Billike waarde minus koste om te verkoop

- .37 Die beste aanduiding van 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop is 'n prys in 'n bindende verkoopsooreenkoms in 'n armlengtetransaksie, aangesuiwer vir inkrementele koste wat regstreeks toeskryfbaar kan wees aan die vervreemding van die bate.
- .38 Indien daar geen bindende verkoopsooreenkoms is nie maar 'n bate in 'n aktiewe mark verhandel word, is billike waarde minus koste om te verkoop die bate se markprys minus die vervreemdingskoste. Die toepaslike markprys is gewoonlik die huidige bodprys. Indien huidige bodpryse nie beskikbaar is nie,

kan die prys van die jongste transaksie 'n grondslag bied waarop billike waarde minus koste om te verkoop geraam kan word, mits daar nie 'n beduidende verandering in die ekonomiese omstandighede was tussen die transaksiedatum en die datum waarop die raming gemaak word nie.

- .39 Indien daar geen bindende verkoopsooreenkoms of aktiewe mark vir 'n bate is nie, word billike waarde minus koste om te verkoop gebaseer op die beste inligting wat beskikbaar is om die bedrag weer te gee wat 'n entiteit op die verslagdoeningsdatum uit die vervreemding van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte, gewillige partye, kan bekom, ná aftrekking van die vervreemdingskoste. By die vasstelling van hierdie bedrag kan 'n entiteit die uitkoms van onlangse transaksies vir vergelykbare bates in dieselfde bedryf oorweeg. Billike waarde minus koste om te verkoop weerspieël nie 'n gedwonge verkoop nie, tensy die bestuur onder druk verkeer om onmiddellik te verkoop.
- .40 Vervreemdingskoste, buiten dié wat as laste erken is, word afgetrek by die bepaling van billike waarde minus koste om te verkoop. Voorbeelde van sodanige koste is regskoste, seëlreg en vergelykbare transaksiebelastings, koste van verwydering van die bate, en regstreekse inkrementele koste om 'n bate in die regte toestand te kry vir die verkoop daarvan. Diensbeëindigingsvoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*) en koste wat verband hou met die verkleining of herorganisering van 'n bedrywigheid ná die vervreemding van 'n bate, is nie regstreekse inkrementele koste om te beskik oor die bate nie.
- .41 Soms kan die vervreemding van 'n bate die koper noodsaak om 'n las te aanvaar terwyl slegs 'n enkele billike waarde minus koste om te verkoop vir sowel die bate as die las beskikbaar is. Paragraaf .89 verduidelik hoe om met sulke gevalle te handel.

Waarde in gebruik

- .42 ***Die volgende elemente moet in die berekening van 'n bate se waarde in gebruik weergegee word:***
- (a) ***'n raming van die toekomstige kontantvloei wat die entiteit verwag om uit die bate te ontvang;***
 - (b) ***verwagtinge oor moontlike variasies in die bedrag of tydsberekening van daardie toekomstige kontantvloei;***
 - (c) ***die tydwaarde van geld wat deur die risikovrye rentekoers in die huidige mark verteenwoordig word;***
 - (d) ***die prys vir die dra van die onsekerheid eie aan die bate; en***
 - (e) ***ander faktore soos illikiditeit wat markdeelnemers kan weergee in die prysbepaling van die toekomstige kontantvloei wat die entiteit verwag om uit die bate te ontvang.***
- .43 Raming van die waarde in gebruik van 'n bate behels die volgende stappe:
- (a) raming van die toekomstige kontantinvloei en -uitvloei wat verkry word uit die voortdurende gebruik van die bate en uit die uiteindelijke vervreemding daarvan; en

- (b) toepassing van die toepaslike diskontokoers op daardie toekomstige kontantvloei.
- .44 Die elemente wat in paragraaf .42(b), (d) en (e) geïdentifiseer word, kan weergegee word óf as aansuiwerings van die toekomstige kontantvloei, óf as aansuiwering van die diskontokoers. Watter benadering 'n entiteit ook al kies om verwagtinge oor moontlike variasies in die bedrag of tydsberekening van toekomstige kontantvloei weer te gee, die resultaat moet wees om die verwagte huidige waarde van die toekomstige kontantvloei, d.w.s. die geweepte gemiddelde van alle moontlike uitkomst, te weerspieël.

Grondslag vir ramings van toekomstige kontantvloei

.45 *By die meting van waarde in gebruik moet:*

- (a) *'n entiteit kontantvloeiprojeksies grond op redelike en ondersteunbare aannames wat die bestuur se beste raming verteenwoordig van die reeks ekonomiese toestande wat oor die oorblywende nutsduur van die bate sal bestaan. Groter waarde moet geheg word aan eksterne bewyse;*
- (b) *'n entiteit kontantvloeiprojeksies grond op die jongste finansiële begrotings/voorspellings wat deur die bestuur goedgekeur is, maar moet enige geraamde toekomstige kontantinvloei of -uitvloei wat na verwagting uit toekomstige herstrukturering of uit die verbetering of verhoging van die bate se prestasie sal voortspruit, uitsluit. Projeksies gegrond op hierdie begrotings/voorspellings moet 'n maksimum tydperk van vyf jaar dek, tensy 'n langer tydperk geregverdig kan word; en*
- (c) *'n entiteit kontantvloeiprojeksies raam tot ná die tydperk wat deur die jongste begrotings/voorspellings gedek word, deur die ekstrapolering van die projeksies gegrond op die begrotings/voorspellings met gebruik van 'n bestendige of afnemende groeikoers vir daaropvolgende jare, tensy 'n toenemende koers geregverdig kan word. Hierdie groeikoers moet nie die gemiddelde langtermyn groeikoers vir die produkte, nywerhede, of land of lande waarin die entiteit funksioneer, of vir die mark waarin die bate gebruik word, oorskry nie, tensy 'n hoër koers geregverdig kan word.*
- .46 Die bestuur evalueer die redelikheid van die aannames waarop hul huidige kontantvloeiprojeksies gebaseer is deur die ondersoek van die oorsake van verskille tussen vorige kontantvloeiprojeksies en werklike kontantvloei. Die bestuur moet verseker dat die aannames waarop hul huidige kontantvloeiprojeksies gebaseer is, strook met vorige werklike uitkomst, mits die gevolge van latere gebeure of omstandighede wat nie bestaan het toe daardie werklike kontantvloei gegenereer is nie, dit toepaslik maak.
- .47 Uitvoerige, uitdruklike en betroubare finansiële begrotings/voorspellings van toekomstige kontantvloei vir tydperke langer as vyf jaar is gewoonlik nie beskikbaar nie. Om hierdie rede word die bestuur se ramings van toekomstige kontantvloei vir hoogstens vyf jaar op die jongste begrotings/voorspellings gebaseer. Die bestuur kan kontantvloeiprojeksies

gegrond op finansiële begrotings/voorspellings oor 'n tydperk langer as vyf jaar gebruik as hulle seker is dat daardie projeksies betroubaar is en hulle op grond van vorige ervaring kan toon dat hulle die vermoë het om kontantvloeï oor daardie langer tydperk akkuraat te voorspel.

- .48 Kontantvloeiprojeksies tot die einde van 'n bate se nutsduur word geraam deur die ekstrapolering van die kontantvloeiprojeksies gegrond op die finansiële begrotings/voorspellings met gebruik van 'n groeikoers vir daaropvolgende jare. Hierdie koers is bestendig of dalend, tensy 'n styging in die koers strook met objektiewe inligting oor patrone oor die lewensiklus van 'n produk of bedryf. Indien toepaslik is die groeikoers nul of negatief.
- .49 Wanneer omstandighede gunstig is, kan mededingers die mark betree en groei strem. Derhalwe sal entiteite probleme ervaar om die gemiddelde historiese groeikoers op die lang termyn (ongeveer twintig jaar) te oortref vir die produkte, nywerhede, of land of lande waarin die entiteit bedrywig is, of vir die mark waarin die bate gebruik word.
- .50 Deur inligting uit finansiële begrotings/voorspellings te gebruik, oorweeg 'n entiteit of die inligting redelike en ondersteunbare aannames weerspieël en bestuur se beste raming verteenwoordig van die stel ekonomiese toestande wat oor die oorblywende nutsduur van die bate sal bestaan.

Samestelling van ramings van toekomstige kontantvloeï

- .51 ***Ramings van toekomstige kontantvloeï moet die volgende insluit:***
 - (a) ***projeksies van kontantvloeï uit die voortdurende gebruik van die bate;***
 - (b) ***projeksies van kontantuitvloeï wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die kontantvloeï uit die voortdurende gebruik van die bate te genereer (met inbegrip van kontantuitvloeï om die bate vir gebruik voor te berei) en wat regstreeks op 'n redelike en konstante basis aan die bate toegeskryf of toegewys kan word; en***
 - (c) ***netto kontantvloeï, indien daar is, wat ontvang (of betaal) moet word vir die vervreemding van die bate na afloop van die nutsduur daarvan.***
- .52 Ramings van toekomstige kontantvloeï en die diskontokoers weerspieël konsekwente aannames oor prysstygings wat aan algemene inflasie toeskryfbaar is. Indien die diskontokoers derhalwe die uitwerking insluit van prysstygings wat aan algemene inflasie toeskryfbaar is, word toekomstige kontantvloeï in nominale terme geraam. Indien die diskontokoers derhalwe die uitwerking van prysstygings wat aan algemene inflasie toeskryfbaar is, uitsluit, word toekomstige kontantvloeï in reële terme geraam (maar sluit toekomstige spesifieke prysstygings of -dalings in).

- .53 Projeksies van kontantuitvloei sluit dié van die daaglikse instandhouding van die bate in, asook toekomstige bokoste wat regstreeks toegeskryf kan word, of op 'n redelike en konstante basis toegewys kan word, aan die gebruik van die bate.
- .54 Wanneer die drabedrag van 'n bate nog nie al die kontantuitvloei insluit wat aangegaan moet word alvorens dit vir gebruik of verkoop gereed is nie, sluit die raming van toekomstige kontantuitvloei 'n raming in van enige verdere kontantuitvloei wat na verwagting aangegaan moet word voordat die bate vir gebruik of verkoop gereed is. Dit is byvoorbeeld die geval waar 'n gebou onder konstruksie of 'n ontwikkelingsprojek nog nie voltooi is nie.
- .55 Om dubbeltelling te voorkom, sluit ramings van toekomstige kontantvloei nie die volgende in nie:
- (a) kontantinvloei van bates wat kontantinvloei genereer wat grootliks onafhanklik is van die kontantinvloei van die bate onder oorweging (byvoorbeeld finansiële bates soos debiteure); en
 - (b) kontantuitvloei wat betrekking het op verpligtinge wat as laste erken word (byvoorbeeld krediteure, pensioene of voorsienings).
- .56 *Toekomstige kontantvloei moet vir die bate in sy huidige toestand geraam word. Ramings van toekomstige kontantvloei moet nie geraamde toekomstige kontantinvloei of -uitvloei insluit wat na verwagting uit die volgende sal voortspruit nie:***
- (a) *'n toekomstige herstrukturering waartoe 'n entiteit nog nie verbind is nie; of***
 - (b) *verbetering of verhoging van die bate se prestasie.***
- .57 Omdat toekomstige kontantvloei geraam word vir die bate in sy huidige toestand, weerspieël waarde in gebruik nie:
- (a) toekomstige kontantuitvloei of verwante kostebesparings (byvoorbeeld verminderings in personeelkoste) of voordele wat na verwagting kan voortspruit uit 'n toekomstige herstrukturering waartoe 'n entiteit nog nie verbind is nie; of
 - (b) toekomstige kontantuitvloei wat die bate se prestasie of die verwante kontantinvloei kan verbeter wat na verwagting uit sodanige uitvloei kan voortspruit.
- .58 'n Herstrukturering is 'n program wat deur die bestuur beplan en beheer word en óf die omvang van die entiteit se bedrywighede óf die wyse waarop daardie bedrywighede uitgevoer word wesenlik verander. Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* bevat riglyne waarin verduidelik word wanneer 'n entiteit tot herstrukturering verbind is.
- .59 Wanneer 'n entiteit tot 'n herstrukturering verbind word, sal sommige bates waarskynlik daardeur geraak word. Sodra die entiteit tot die herstrukturering verbind word:
- (a) weerspieël hul ramings van toekomstige kontantinvloei en kontantuitvloei vir die doel van die bepaling van waarde in gebruik die

kostebesparings en ander voordele uit die herstrukturering (gegrond op die jongste finansiële begrotings/voorspellings wat deur die bestuur goedgekeur is); en

- (b) word hul ramings van toekomstige kontantuitvloei vir die herstrukturering ingesluit in 'n herstruktureringsvoorsiening ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*.

- .60 Tot tyd en wyl 'n entiteit kontantuitvloei aangaan wat die bate se prestasie verbeter of verhoog, sluit ramings van toekomstige kontantvloei nie die geraamde toekomstige kontantinvloei in wat na verwagting uit die toename in ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die verwagte kontantuitvloei geassosieer word, voortspruit nie.
- .61 Ramings van toekomstige kontantvloei sluit toekomstige kontantuitvloei in wat nodig is om die vlak van ekonomiese voordele of dienspotensiaal te handhaaf wat na verwagting uit die bate in sy huidige toestand sal voortspruit. Indien 'n eenheid bestaan uit bates met verskillende geraamde nutsdure wat almal vir die deurlopende bedryf van die eenheid noodsaaklik is, word die vervanging van bates met korter nutsduur beskou as deel van die daaglikse instandhouding van die eenheid wanneer die toekomstige kontantvloei geraam word wat met die eenheid geassosieer word. Insgelyks, wanneer 'n enkele bate uit komponente met verskillende geraamde nutsdure bestaan, word die vervanging van komponente met korter nutsduur geag deel te wees van die daaglikse instandhouding van die bate wanneer die toekomstige kontantvloei geraam word wat deur die bate gegenereer word.
- .62 ***Ramings van toekomstige kontantvloei moet nie die volgende insluit nie:***
- (a) ***kontantinvloei of -uitvloei uit finansieringsaktiwiteite; of***
- (b) ***inkomstebelastingontvangste of -betalings (indien toepaslik).***
- .63 Geraamde toekomstige kontantvloei weerspieël aannames wat strook met die manier waarop die diskontokoers bepaal word. Anders sal die uitwerking van sommige aannames twee keer getel word of geïgnoreer word. Omdat die tydwaarde van geld word deur die verdiskontering van die geraamde toekomstige kontantvloei in aanmerking geneem, sluit hierdie kontantvloei kontantinvloei of -uitvloei uit finansieringsaktiwiteite uit. Insgelyks, aangesien die diskontokoers op 'n voorbelastinggrondslag bepaal word, word toekomstige kontantvloei ook op 'n voorbelastinggrondslag bepaal.
- .64 ***Die raming van netto kontantvloei wat vir die beskikking oor 'n bate na afloop van die nutsduur daarvan ontvang (of betaal) moet word, moet die bedrag wees wat 'n entiteit verwag om ná aftrekking van die geraamde koste van vervreemding in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte, bereidwillige partye uit die vervreemding van die bate te verkry.***
- .65 Die raming van netto kontantvloei wat vir die vervreemding van 'n bate na afloop van die nutsduur daarvan ontvang (of betaal) moet word, word op 'n soortgelyke wyse vasgestel as vir 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop, behalwe dat by die raming van daardie netto kontantvloei:

- (a) 'n entiteit pryse gebruik wat gegeld het op die datum van die raming vir vergelykbare bates wat die einde van hul nutsduur bereik het en wat bedryf is onder omstandighede wat soortgelyk was aan dié waarin die bate gebruik sal word; en
- (b) die entiteit daardie pryse aanpas vir die uitwerking van sowel toekomstige prysstygings weens algemene inflasie as spesifieke toekomstige prysstygings of -dalings. Indien ramings van toekomstige kontantvloeï uit die bate se voortdurende gebruik en die diskontokoers egter die uitwerking van algemene inflasie uitsluit, sluit die entiteit ook hierdie uitwerking van die raming van netto kontantvloeï by vervreemding uit.

Toekomstige kontantvloeï in buitelandse valuta

- .66 Toekomstige kontantvloeï word geraam in die geldeenheid waarin dit gegenereer sal word en dan verdiskonteer met gebruik van 'n diskontokoers wat toepaslik is vir daardie geldeenheid. 'n Entiteit omreken die huidige waarde met gebruik van die lokowisselkoers op die datum van die berekening van waarde in gebruik.

Diskontokoers

- .67 Die diskontokoers(e) moet (’n) voorbelastingkoers(e) wees wat huidige markontledings weerspieël van:**
- (a) die tydwaarde van geld wat deur die huidige risikovrye rentekoers verteenwoordig word; en**
 - (b) die risiko’s wat kenmerkend is vir die bate waarvoor die toekomstige kontantvloeiramings nie aangepas is nie.**
- .68 'n Koers wat huidige markevaluering van die tydwaarde van geld en die risiko’s wat kenmerkend van die bate is, weerspieël, is die opbrengs wat beleggers sou vereis indien hulle 'n belegging sou moes kies wat kontantvloeï van bedrae, tydsberekening en risikoprofiel sou genereer gelykstaande met dié wat die entiteit verwag om uit die bate te ontvang. Hierdie koers word geraam uit die koers wat implisiet is in huidige marktransaksies vir vergelykbare bates. Die diskontokoers(e) wat gebruik word om 'n bate se waarde in gebruik te meet, moet egter nie risiko’s weerspieël waarvoor toekomstige kontantvloeiramings aangesuiwer is nie, anders sal die uitwerking van sommige aannames twee keer getel word.
- .69 Wanneer 'n batespesifieke koers nie regstreeks uit die mark beskikbaar is nie, maak 'n entiteit van plaasvervangers gebruik om die diskontokoers te raam.

Erkenning en meting van 'n waardedalingsverlies van 'n individuele bate

- .70 In paragraaf .71 tot .75 word die vereistes vir die erkenning en meting van waardedalingsverliese vir 'n bate uiteengesit. Die erkenning en meting van waardedalingsverliese vir kontantgenererende eenhede word in paragraaf .76 tot .97 behandel.

- .71** *Indien, en slegs indien, die verhaalbare bedrag van 'n bate minder is as die drabedrag daarvan, moet die drabedrag van die bate tot die verhaalbare bedrag daarvan verminder word. Hierdie vermindering is 'n waardedalingsverlies.*
- .72** *'n Waardedalingsverlies moet onmiddellik in surplus of tekort erken word, tensy die bate teen 'n herwaardeerde bedrag ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP gedra word (byvoorbeeld ooreenkomstig die herwaardasiemodel in die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting). Enige waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate moet ooreenkomstig daardie Standaard van AERP as 'n herwaardasievermindering beskou word.*
- .73** *'n Waardedalingsverlies op 'n nie-herwaardeerde bate word in surplus of tekort erken. 'n Waardedalingsverlies op 'n herwaardeerde bate word egter regstreeks teen enige herwaardasiesurplus vir die bate erken in die mate waarin die waardedalingsverlies nie die bedrag in die herwaardasiesurplus vir daardie selfde bate oorskry nie.*
- .74** *Indien die bedrag wat vir 'n waardedalingsverlies geraam word, groter is as die drabedrag van die bate waarop dit betrekking het, moet 'n entiteit 'n las erken indien, en slegs indien, dit deur 'n ander Standaard van AERP vereis word.*
- .75** *Ná die erkenning van 'n waardedalingsverlies moet die waardeverminderings- (amortisasie-) koste vir die bate in toekomstige tydperke aangesuiwer word om die bate se hersiene drabedrag, minus die reswaarde daarvan (indien daar is), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nutsduur daarvan toe te deel.*

Kontantgenererende eenhede

- .76 Paragraaf .77 tot .97 sit die vereistes uiteen vir die identifisering van die kontantgenererende eenheid waartoe 'n bate behoort en die vasstelling van die drabedrag van, en erkenning van die waardedalingsverliese vir, kontantgenererende eenhede.

Identifisering van die kontantgenererende eenheid waartoe 'n bate behoort

- .77 *Indien daar enige aanduiding is dat 'n bate in waarde gedaal het, moet die verhaalbare bedrag vir die individuele bate geraam word. Indien dit nie moontlik is om die verhaalbare bedrag van die individuele bate te raam nie, moet 'n entiteit die verhaalbare bedrag bepaal van die kontantgenererende eenheid waartoe die bate behoort (die bate se kontantgenererende eenheid).***

- .78 Die verhaalbare bedrag van 'n individuele bate kan nie vasgestel word nie indien:

- (a) die bate se waarde in gebruik nie geraam kan word om na aan die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop te wees nie (indien die toekomstige kontantvloei uit voortdurende gebruik van die bate byvoorbeeld nie as onbeduidend geraam kan word nie); en
- (b) die bate nie kontantinvloei genereer wat grootliks onafhanklik is van dié van ander bates nie en nie in staat is om kontantvloei individueel te genereer nie.

In sulke gevalle kan waarde in gebruik en gevolglik die verhaalbare bedrag slegs vir die bate se kontantgenererende eenheid bepaal word.

- .79 Soos in paragraaf .10 omskryf, is 'n bate se kontantgenererende eenheid die kleinste groep bates wat die bate insluit en kontantinvloei genereer wat grootliks onafhanklik is van die kontantinvloei van ander bates of groepe bates. Identifisering van 'n bate se kontantgenererende eenheid vereis dat oordeel aan die dag gelê word. Indien die verhaalbare bedrag nie vir 'n individuele bate vasgestel kan word nie, moet 'n entiteit die kleinste samevoeging van bates identifiseer wat hoofsaaklik onafhanklike kontantinvloei genereer.
- .80 Kontantinvloei is invloei van kontant en kontantekwivalente wat van partye buite die entiteit ontvang word. By die bepaling of kontantinvloei van 'n bate (of groep bates) grotendeels onafhanklik is van die kontantinvloei van ander bates (of groepe bates), moet 'n entiteit verskillende faktore in ag neem, onder andere hoe die bestuur die entiteit se bedrywighede moniteer (soos produkreekse, bedrywighede, individuele liggings, distrikte of streeksgebiede) of hoe die bestuur besluite neem oor die voortsetting of vervreemding van die entiteit se bates en bedrywighede.
- .81 *Indien daar 'n aktiewe mark bestaan vir die uitset wat deur 'n bate of groep bates geproduseer word, moet daardie bate of groep bates as 'n kontantgenererende eenheid geïdentifiseer word, selfs as al die uitset of gedeeltes daarvan intern gebruik word. Indien die kontantinvloei wat deur 'n bate of kontantgenererende eenheid gegenereer word deur***

interne oordragprysbepaling beïnvloed word, moet 'n entiteit bestuur se beste raming gebruik van toekomstige prys(e) wat in armlengtetransaksies verkry kan word by die raming van:

- (a) die toekomstige kontantinvloei wat gebruik word om die bate of die kontantgenererende eenheid se waarde in gebruik vas te stel; en***
- (b) die toekomstige kontantuitvloei wat gebruik word om die waarde in gebruik van enige ander bates of kontantgenererende eenhede wat deur die interne oordragprysbepaling beïnvloed word, vas te stel.***

.82 Selfs indien 'n deel van of al die uitset wat deur 'n bate of 'n groep bates geproduseer word, deur ander eenhede van die entiteit gebruik word (byvoorbeeld produkte in 'n tussenstadium van 'n produksieproses), maak hierdie bate of groep bates 'n afsonderlike kontantgenererende eenheid uit indien die entiteit die uitset in 'n aktiewe mark kan verkoop. Dit is omdat die bate of groep bates kontantinvloei kan genereer wat grootliks onafhanklik van die kontantinvloei van ander bates of groepe bates kan wees. Deur inligting gegrond op finansiële begrotings/voorspellings te gebruik wat op so 'n kontantgenererende eenheid betrekking het, of op enige ander bate of kontantgenererende eenheid wat deur interne oordrag-prysbepaling geraak word, pas 'n entiteit hierdie inligting aan as interne oordrag-pryse nie die bestuur se beste raming van toekomstige pryse wat in armlengtetransaksies behaal kan word, weergee nie.

.83 *Kontantgenererende eenhede moet konsekwent van tyd tot tyd vir dieselfde bate of tipes bates geïdentifiseer word, tensy 'n verandering geregverdig is.*

.84 Indien 'n entiteit vasstel dat 'n bate aan 'n kontantgenererende eenheid behoort wat van dié in vorige tydperke verskil, of dat die tipes bates wat vir die bate se kontantgenererende eenheid saamgevoeg is, verander het, vereis paragraaf .121 openbaarmakings oor die kontantgenererende eenheid as 'n waardedalingverlies vir die kontantgenererende eenheid erken of omgeswaai word.

Verhaalbare bedrag en drabedrag van 'n kontantgenererende eenheid

.85 Die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid is die kontantgenererende eenheid se billike waarde minus koste om dit te verkoop of die waarde daarvan in gebruik, watter ook al die hoogste is. Vir die doel van vasstelling van die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid moet enige verwysing na 'n bate in paragraaf .30 tot .69 gelees word as 'n verwysing na 'n kontantgenererende eenheid.

.86 *Die drabedrag van 'n kontantgenererende eenheid moet vasgestel word op 'n grondslag wat in ooreenstemming is met die manier waarop die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid bepaal word.*

.87 Die drabedrag van 'n kontantgenererende eenheid:

- (a) sluit die drabedrag in van slegs daardie bates wat regstreeks aan die kontantgenererende eenheid toegeskryf kan word, of op 'n redelike en konstante grondslag toegewys kan word, en wat die toekomstige

kontantinvloei sal genereer wat gebruik word by die vasstelling van die kontantgenererende eenheid se waarde in gebruik; en

- (b) sluit nie die drabedrag van enige erkende aanspreeklikheid in nie, tensy die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid nie sonder die oorweging van hierdie aanspreeklikheid vasgestel kan word nie.

Dit is omdat billike waarde minus koste om te verkoop en waarde in gebruik van 'n kontantgenererende eenheid vasgestel word met uitsluiting van kontantvloei wat betrekking het op bates wat nie deel is van die kontantgenererende eenheid en aanspreeklikhede wat erken is nie (kyk paragraaf .40 en .55).

- .88 Wanneer bates vir verhaalbaarheidsevaluering gegroepeer word, is dit belangrik om in die kontantgenererende eenheid alle bates in te sluit wat die tersaaklike stroom kontantinvloei genereer of gebruik word om dit te genereer. Anders kan dit voorkom asof die kontantgenererende eenheid ten volle verhaalbaar is, terwyl daar in werklikheid 'n waardedalingsverlies voorgekom het. Bylae B bevat 'n vloeiagram wat die hantering illustreer van individuele bates wat deel van kontantgenererende eenhede is.
- .89 Dit kan nodig wees om van die erkende aanspreeklikhede te oorweeg om die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid te bepaal. Dit kan plaasvind as die vervreemding van 'n kontantgenererende eenheid sou vereis dat die koper die aanspreeklikheid aanvaar. In dié geval is die billike waarde minus koste om te verkoop (of die geraamde kontantvloei uit uiteindelijke vervreemding) van die kontantgenererende eenheid die geraamde verkoopprijs vir die bates van die kontantgenererende eenheid en die aanspreeklikheid tesame, minus die vervreemdingskoste. Om 'n sinvolle vergelyking tussen die drabedrag van die kontantgenererende eenheid en die verhaalbare bedrag daarvan te tref, word die drabedrag van die aanspreeklikheid afgetrek om sowel die kontantgenererende eenheid se waarde in gebruik as die drabedrag daarvan te bepaal.
- .90 Om praktiese redes word die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid soms bepaal ná oorweging van bates wat nie deel van die kontantgenererende eenheid is nie (byvoorbeeld debiteure of ander finansiële bates), of aanspreeklikhede wat erken is (byvoorbeeld krediteure, pensioene en ander voorsienings). In sodanige gevalle word die drabedrag van die kontantgenererende eenheid deur die drabedrag van daardie bates verhoog en deur die drabedrag van daardie laste verlaag.

Waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid

- .91 ***'n Waardedalingsverlies moet vir 'n kontantgenererende eenheid erken word indien, en slegs indien, die verhaalbare bedrag van die eenheid minder is as die drabedrag van die eenheid. Die waardedalingsverlies moet toegedeel word om die drabedrag van die kontantgenererende bates van die eenheid pro rata te verminder, gegrond op die drabedrag van elke bate in die eenheid. Hierdie verminderings in drabedrae moet beskou word as waardedalingsverliese op individuele bates en ooreenkomstig paragraaf .72 erken word.***

.92 By die toewysing van 'n waardedalingsverlies ooreenkomstig paragraaf .91 moet 'n entiteit nie die drabedrag van 'n bate tot minder as die hoogste van die volgende verminder nie:

- (a) die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop (indien bepaalbaar);**
- (b) die waarde daarvan in gebruik (indien bepaalbaar); en**
- (c) nul.**

Die bedrag van die waardedalingsverlies wat andersins aan die bate toegedeel sou word, moet pro rata aan die ander kontantgenererende bates van die eenheid toegewys word.

.93 Waar 'n niekontantgenererende bate tot 'n kontantgenererende eenheid bydra, moet 'n deel van die drabedrag van daardie niekontantgenererende bate toegedeel word aan die drabedrag van die kontantgenererende eenheid voor raming van die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid. Die drabedrag van die niekontantgenererende bate moet enige waardedalingsverliese op die verslagdoeningsdatum weerspieël wat vasgestel is ooreenkomstig die vereistes van die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates.

.94 Indien die verhaalbare bedrag van 'n individuele bate nie vasgestel kan word nie (kyk paragraaf .78):

- (a) word 'n waardedalingsverlies vir die bate erken indien die drabedrag daarvan groter is as die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop of die resultate van die toedelingsprosedures wat in paragraaf .91 tot .93 beskryf word, watter ook al die hoogste is; en**
- (b) word geen waardedalingsverlies vir die bate erken indien die verwante kontantgenererende eenheid nie in waarde gedaal het nie. Dit geld selfs as die bate se billike waarde minus koste om te verkoop laer is as die drabedrag daarvan.**

.95 In sommige gevalle dra niekontantgenererende bates by tot kontantgenererende eenhede. Hierdie Standaard vereis dat waar 'n kontantgenererende eenheid wat aan 'n waardedalingstoets onderhewig is, 'n niekontantgenererende bate bevat, daardie niekontantgenererende bate vir waardedaling getoets moet word ooreenkomstig die vereistes van die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates. Ná daardie waardedalingstoets word 'n gedeelte van die drabedrag van daardie niekontantgenererende bate in die drabedrag van die kontantgenererende eenheid ingesluit. Die gedeelte weerspieël die mate waarin die dienspotensiaal van die niekontantgenererende bate tot die kontantgenererende eenheid bydra. Die toedeling van enige waardedalingsverlies vir die kontantgenererende eenheid word dan op 'n pro rata-grondslag uitgevoer op alle kontantgenererende bates in die kontantgenererende eenheid, behoudens die beperkinge in paragraaf .92. Die niekontantgenererende bate is nie onderhewig aan 'n verdere waardedalingsverlies bo dit wat vasgestel is ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates nie.

- .96 Indien 'n bate dienspotensiaal aan een of meer kontantgenererende aktiwiteite vrystel, maar nie aan niekontantgenererende aktiwiteite nie, raadpleeg entiteite die tersaaklike rekeningkundige standaard wat oor sodanige omstandighede handel.
- .97 *Ná toepassing van die vereistes in paragraaf .91 tot .93 moet 'n las erken word vir enige oorblywende bedrag van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid indien, en slegs indien, dit deur 'n ander Standaard van AERP vereis word.***

Omswaai van 'n waardedalingsverlies

- .98 In paragraaf .99 tot .106 word die vereistes uiteengesit vir die omswaai van 'n waardedalingsverlies wat vir 'n bate of 'n kontantgenererende eenheid in vorige tydperke erken word. Hierdie vereistes maak gebruik van die term "bate", maar is ewe goed van toepassing op 'n individuele bate of 'n kontantgenererende eenheid. Bykomende vereistes vir 'n individuele bate word in paragraaf .107 tot .111 uiteengesit en vir 'n kontantgenererende eenheid in paragraaf .112 en .113.
- .99 *'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of kon verminder het. Indien daar enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit 'n raming maak van die verhaalbare bedrag van daardie bate.***
- .100 *By die bepaling of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is nie meer bestaan nie of kon verminder het, moet 'n entiteit ten minste die volgende aanduidings oorweeg:***

Eksterne inligtingsbronne

- (a) *Die bate se markwaarde het gedurende die tydperk beduidend verminder.*
- (b) *Beduidende veranderinge met 'n gunstige uitwerking op die entiteit het gedurende die tydperk plaasgevind of sal in die nabye toekoms plaasvind in die tegnologiese, mark-, ekonomiese of wetlike omgewing waarin die entiteit funksioneer of in die mark waarop die bate gerig is.*
- (c) *Markrentekoerse of ander markkoerse van opbrengs op beleggings het gedurende die tydperk gedaal, en daardie dalings sal waarskynlik die diskontokoers beïnvloed wat by die berekening van 'n bate se waarde in gebruik aangewend word en die bate se verhaalbare bedrag wesenlik verhoog.*

Interne inligtingsbronne

- (d) *Beduidende veranderinge met 'n gunstige uitwerking op die entiteit het gedurende die tydperk plaasgevind, of sal na verwagting in die nabye toekoms plaasvind, in die mate waarin of die wyse waarop die bate gebruik word of na verwagting gebruik sal word. Hierdie veranderinge sluit koste in wat gedurende die tydperk aangegaan is om 'n bate se prestasie te verbeter of te bevorder, die*

bedrywigheid waartoe die bate behoort, te herstruktureer, of 'n besluit om 'n bate eerder te gebruik as te vervreem.

- (e) ***'n Besluit is geneem om die konstruksie van die bate te hervat wat voorheen gestaak is voordat dit voltooi is of in 'n bruikbare toestand was.***
- (f) ***Bewyse is beskikbaar van interne verslagdoening wat daarop dui dat die ekonomiese werkverrigting van die bate beter is as wat verwag is, of beter sal word.***

- .101 Aanduidings van 'n potensiële afname in 'n waardedalingsverlies in paragraaf .100 weerspieël hoofsaaklik die aanduidings van 'n potensiële waardedalingsverlies in paragraaf .23.
- .102 Indien daar 'n aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of verminder het, kan dit daarop dui dat die oorblywende nutsduur, die waardevermindering- (amortisasie-) metode of die reswaarde hersien moet word en aangesuiwer moet word ooreenkomstig die Standaard wat op die bate van toepassing is, selfs al word geen waardedalingsverlies vir die bate omgeswaai nie.
- .103 ***'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, moet omgeswaai word indien, en slegs indien, daar 'n verandering was in die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare bedrag vas te stel wat sedert die laaste waardedalingsverlies erken is. Indien dit die geval is, moet die drabedrag van die bate, behalwe soos in paragraaf .107 beskryf, verhoog word tot die verhaalbare bedrag daarvan. Daardie verhoging is 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies.***
- .104 Hierdie Standaard vereis dat 'n entiteit 'n formele raming van 'n verhaalbare bedrag maak slegs indien daar 'n aanduiding van 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies bestaan. Paragraaf .100 identifiseer sleutelaanduidings dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of verminder het.
- .105 'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies weerspieël 'n styging in die geraamde dienspotensiaal van 'n bate, hetsy uit gebruik of uit verkoop, sedert die laaste datum waarop 'n entiteit 'n waardedalingsverlies vir daardie bate erken het. Van 'n entiteit word vereis dat hy die verandering in ramings identifiseer wat die toename in geraamde dienspotensiaal veroorsaak. Voorbeelde van veranderinge in ramings sluit die volgende in:
 - (a) 'n verandering in die grondslag vir die verhaalbare bedrag (d.w.s. of die verhaalbare bedrag op billike waarde minus koste om te verkoop of waarde in gebruik gegrond is);
 - (b) indien die verhaalbare bedrag op waarde in gebruik gegrond is, 'n verandering in die bedrag of tydsberekening van geraamde toekomstige kontantvloei of in die diskontokoers; of
 - (c) indien die verhaalbare bedrag op billike waarde minus koste om te verkoop gegrond is, 'n verandering in raming van die komponente van billike waarde minus koste om te verkoop.

- .106 'n Bate se waarde in gebruik kan groter word as die bate se drabedrag bloot omdat die huidige waarde van toekomstige kontantinvloei toeneem namate hierdie bedrae nader aan mekaar beweeg. Die dienspotensiaal van die bate het egter nie gestyg nie en derhalwe word 'n waardedalingsverlies nie omgeswaai bloot vanweë die verloop van tyd nie (soms genoem die 'afwikkeling' van die diskonto), selfs indien die verhaalbare bedrag van die bate hoër word as die drabedrag daarvan.

Omswaai van 'n waardedalingsverlies vir 'n individuele bate

- .107 ***Die verhoogde drabedrag van 'n bate wat aan 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies toeskryfbaar is, moet nie die drabedrag oorskry wat vasgestel sou word (na aftrekking van amortisasie of waardevermindering) indien geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige jare erken is nie.***
- .108 Enige verhoging in die drabedrag van 'n bate tot bo die drabedrag wat vasgestel sou word (na aftrekking van amortisasie of waardevermindering) indien geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige jare erken is nie, is 'n herwaardasie. By die in rekening bring van so 'n herwaardasie moet 'n entiteit die Standaard van AERP toepas wat op die bate betrekking het.
- .109 ***'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies vir 'n bate moet onmiddellik in surplus of tekort erken word, tensy die bate ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word (byvoorbeeld die herwaardasiemodel in die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting). Enige omswaaiing van 'n waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate moet as 'n herwaardasievermeerdering ooreenkomstig daardie ander Standaard van AERP beskou word.***
- .110 'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies op 'n herwaardeerde bate word in die herwaardasiereserwe in die staat van veranderinge in netto bates vir daardie bate erken. In die mate waarin 'n waardedalingsverlies op dieselfde herwaardeerde bate egter voorheen in surplus of tekort erken is, word 'n omswaaiing van daardie waardedalingsverlies ook in surplus of tekort erken.
- .111 ***Nadat 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies erken is, moet die waardeverminderingskoste (amortisasiekoste) vir die bate in toekomstige tydperke aangesuiwer word om die bate se hersiene drabedrag, minus die reswaarde daarvan (indien daar is), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nutsduur daarvan toe te deel.***

Omswaai van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid

.112 'n Omswaai van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid moet pro rata met die drabedrae van die kontantgenererende bates van die eenheid aan daardie bates toegedeel word. Hierdie verhogings in die drabedrae moet as omswaaiings van waardedalingsverliese vir individuele bates beskou word en ooreenkomstig paragraaf .111 erken word. Geen deel van die bedrag van sodanige omswaaiing moet toegedeel word aan 'n niekontantgenererende bate wat dienspotensiaal tot 'n kontantgenererende eenheid bydra nie.

.113 By die toedeling van 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies vir 'n kontantgenererende eenheid ooreenkomstig paragraaf .112 moet die drabedrag van 'n bate nie tot bo die laagste van die volgende verhoog word nie:

- (a) die verhaalbare bedrag daarvan (indien bepaalbaar); en
- (b) die drabedrag wat vasgestel sou word (na aftrekking van amortisasie of waardevermindering) indien geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken is nie.

Die bedrag van die omswaaiing van die waardedalingsverlies wat andersins aan die bate toegedeel sou word, moet pro rata aan die ander bates van die eenheid toegedeel word.

Heraanwysing van bates

.114 Die heraanwysing van 'n bate vanaf 'n kontantgenererende bate na 'n niekontantgenererende bate of van 'n niekontantgenererende bate na 'n kontantgenererende bate moet slegs plaasvind wanneer daar duidelike bewyse is dat sodanige heraanwysing toepaslik is. 'n Heraanwysing op sigself gee nie noodwendig aanleiding tot 'n waardedalingstoets of 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies nie. Op die daaropvolgende verslagdoeningsdatum na 'n heraanwysing moet 'n entiteit ten minste die gelyste aanduidings in paragraaf 23 oorweeg.

.115 Daar is omstandighede waarin entiteite kan besluit dat dit toepaslik is om 'n heraanwysing van 'n kontantgenererende bate as 'n niekontantgenererende bate te doen. 'n Afvalwaterbehandelingsaanleg is byvoorbeeld hoofsaaklik opgerig om nywerheidsafvalwater van 'n nywerheidskompleks teen kommersiële tariewe te behandel, en oormaatkapasiteit is aangewend om afvalwater van 'n maatskaplikebehuisingseenheid te behandel, waarvoor geen koste gehef is nie. Die nywerheidskompleks is onlangs gesluit en die terrein sal in die toekoms vir maatskaplikebehuisingsdoeleindes ontwikkel word. In die lig van die sluiting van die nywerheidskompleks het die entiteit besluit op heraanwysing van die afvalwaterbehandelingsaanleg as 'n niekontantgenererende bate.

Openbaarmaking

- .116 'n Entiteit moet die maatstawwe openbaar maak wat die entiteit ontwikkel het om kontantgenererende bates van niekontantgenererende bates te onderskei.**
- .117 'n Entiteit moet die volgende vir elke klas bates openbaar maak:**
- (a) die bedrag van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort erken is en die lynitem(s) van die staat van finansiële prestasie waarin daardie waardedalingsverliese ingesluit is;**
 - (b) die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort erken is en die lynitem(s) van die staat van finansiële prestasie waarin daardie waardedalingsverliese omgeswaai is;**
 - (c) die bedrag van waardedalingsverliese op herwaardeerde bates wat gedurende die tydperk regstreeks in netto bates erken is; en**
 - (d) die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese op herwaardeerde bates wat gedurende die tydperk regstreeks in netto bates erken is.**
- .118 'n Bateklas is 'n groepering van bates met 'n soortgelyke aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede, wat as enkele item vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state aangetoon word.**
- .119 Die inligting wat in paragraaf .117 verlang word, kan saam met ander inligting wat openbaar gemaak is, vir die bateklas aangebied word. Hierdie inligting kan byvoorbeeld ingesluit word in 'n rekonsiliasie van die drabedrag van eiendom, aanleg en toerusting aan die begin en einde van die tydperk, soos deur die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis.**
- .120 'n Entiteit wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening oor segmentinligting verslag doen, moet die volgende openbaar maak vir elke rapporteerbare segment, gegrond op 'n entiteit se primêre verslagdoeningsformaat:**
- (a) die bedrag van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort en regstreeks in netto bates erken word; en**
 - (b) die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort en regstreeks in netto bates erken word.**
- .121 'n Entiteit moet die volgende openbaar maak vir elke wesentlike waardedalingsverlies wat gedurende die tydperk vir 'n bate of kontantgenererende eenheid erken of omgeswaai word:**
- (a) die gebeure en omstandighede wat tot die erkenning of omswaaiing van die waardedalingsverlies gelei het;**
 - (b) die bedrag van die waardedalingsverlies wat erken of omgeswaai word;**
 - (c) vir 'n kontantgenererende bate:**

- (i) *die aard van die bate; en*
 - (ii) *indien die entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening oor segmentinligting verslag doen, die rapporteerbare segment waartoe die bate behoort;*
 - (d) *vir 'n kontantgenererende eenheid:*
 - (i) *'n beskrywing van die kontantgenererende eenheid (soos of dit 'n produklyn, 'n aanleg, 'n bedrywigheid, 'n geografiese gebied of 'n rapporteerbare segment is);*
 - (ii) *die bedrag van die waardedalingsverlies wat deur die bateklas erken of omgeswaai word en, indien die entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening oor segmentinligting verslag doen, deur die rapporteerbare segment; en*
 - (iii) *indien die samevoeging van bates vir die identifisering van die kontantgenererende eenheid sedert die vorige raming van die kontantgenererende eenheid se verhaalbare bedrag (indien daar is) verander het, 'n beskrywing van die huidige en vorige manier van samevoeging van bates en die redes vir die verandering van die manier waarop die kontantgenererende eenheid geïdentifiseer word;*
 - (e) *of die verhaalbare bedrag van die bate die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop of die waarde daarvan in gebruik is;*
 - (f) *indien die verhaalbare bedrag billike waarde minus koste om te verkoop is, die grondslag wat gebruik word om billike waarde minus koste om te verkoop te bepaal (soos of billike waarde bepaal is met verwysing na 'n aktiewe mark);*
 - (g) *indien die verhaalbare bedrag waarde in gebruik is, die metode en wesenlike veronderstellings wat toegepas word, met inbegrip van die diskontokoers(e) wat in die huidige raming en vorige raming (indien daar is) van waarde in gebruik aangewend is; en*
 - (h) *of 'n onafhanklike waardeerder gebruik is om die verhaalbare bedrag vas te stel.*
- .122 'n Entiteit moet die volgende inligting vir die saamgestelde waardedalingsverliese en die saamgestelde omswaaiings van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk erken is en waarvoor geen inligting ooreenkomstig paragraaf .121 openbaar gemaak is nie, openbaar maak:**
- (a) *die hoofklasse bates wat deur waardedalingsverliese geraak word en die hoofklasse bates wat deur omswaaiings van waardedalingsverliese geraak word; en*
 - (b) *die vernaamste gebeure en omstandighede wat tot die erkenning van hierdie waardedalingsverliese en omswaaiings van waardedalingsverliese gelei het.*
- .123 'n Entiteit moet in die aantekeninge inligting openbaar maak oor die sleutelaannames wat gebruik is om die verhaalbare bedrag vas te stel**

van bates wat gedurende die tydperk 'n beduidende risiko inhou dat dit 'n wesenlike aanpassing aan die drabedrag van bates kan veroorsaak.

Openbaarmaking van ramings wat gebruik word om verhaalbare bedrae van kontantgenererende eenhede te meet wat ontasbare bates met onbepaalde nutsduur bevat

.124 *'n Entiteit moet die inligting openbaar wat deur (a) tot (e) vereis word vir elke kontantgenererende eenheid waarvoor die drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur wat aan daardie eenheid toegedeel is, beduidend is in vergelyking met die entiteit se totale drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur:*

- (a) die drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur toegedeel aan die eenheid;*
- (b) die grondslag waarop die eenheid se verhaalbare bedrag vasgestel is (d.w.s. waarde in gebruik of billike waarde minus koste om te verkoop);*
- (c) indien die eenheid se verhaalbare bedrag gegrond is op waarde in gebruik:*
 - (i) 'n beskrywing van elke sleutelaanname waarop die bestuur sy kontantvloeiprojeksies gebaseer het vir die tydperk wat deur die jongste begrotings/voorspellings gedek is. Sleutelaannames is dié waarvoor die eenheid se verhaalbare bedrag die sensitiefste is;*
 - (ii) 'n beskrywing van bestuur se benadering tot die vasstelling van die waarde(s) wat aan elke sleutelaanname toegeken is, of daardie waarde(s) vorige ervaring weerspieël of, indien toepaslik, in ooreenstemming met eksterne inligtingsbronne is of nie en, indien nie, hoe en waarom hulle van vorige ervaring of eksterne inligtingsbronne verskil;*
 - (iii) die tydperk waarvoor bestuur kontantvloei geprojekteer het gegrond op finansiële begrotings/voorspellings goedgekeur deur bestuur en, indien 'n tydperk van langer as vyf jaar vir 'n kontantgenererende eenheid gebruik word, 'n verduideliking waarom daardie langer tydperk geregverdig is;*
 - (iv) die groeikoers wat gebruik is om kontantvloeiprojeksies vir langer as die tydperk wat deur die jongste begrotings/voorspellings gedek word, te ekstrapoleer en die regverdiging vir die gebruik van enige groeikoers wat hoër is as die gemiddelde langtermyn-groeikoers vir die produkte, nywerhede, of land of lande waarin die entiteit bedrywig is, of vir die mark waarop die eenheid toegespits is;*
 - (v) die diskontokoers(e) wat op die kontantvloeiprojeksies toegepas word;*
- (d) as die eenheid se verhaalbare bedrag gegrond is op billike waarde minus koste om te verkoop, die metodologie wat gebruik word om billike waarde minus koste om te verkoop vas te stel. Indien billike*

waarde minus koste om te verkoop nie met gebruik van 'n waarneembare markprys vir die eenheid vasgestel word nie, moet die volgende inligting ook openbaar gemaak word:

- (i) 'n beskrywing van elke sleutelaanname waarop die bestuur sy vasstelling van billike waarde minus koste om te verkoop gebaseer het. Sleutelaanname is dié waarvoor die eenheid se verhaalbare bedrag die sensitiefste is; en*
- (ii) 'n beskrywing van die bestuur se benadering tot die vasstelling van die waarde(s) wat toegeken is aan elke sleutelaanname, of daardie waarde(s) vorige ervaring weerspieël of, indien toepaslik, in ooreenstemming is met eksterne inligtingsbronne of nie en, indien nie, hoe en waarom hulle van vorige ervaring of eksterne inligtingsbronne verskil; of*
as billike waarde minus koste om te verkoop met gebruik van verdiskonteerde kontantvloeiprojeksies vasgestel word, moet die volgende ook openbaar gemaak word:
 - (iii) die tydperk waaroor die bestuur kontantvloei geprojekteer het;*
 - (iv) die groeikoers wat gebruik word om kontantvloeiprojeksies te ekstrapoleer;*
 - (v) die diskontokoers(e) wat op die kontantvloeiprojeksies toegepas word; en*
- (e) indien 'n redelikerwys moontlike verandering in 'n sleutelaanname waarop die bestuur sy vasstelling van die eenheid se verhaalbare bedrag gebaseer het, kan meebring dat die eenheid se drabedrag die verhaalbare bedrag daarvan oorskry:*
 - (i) die bedrag waardeur die eenheid se verhaalbare bedrag die drabedrag daarvan kan oorskry;*
 - (ii) die waarde toegeken aan die sleutelaanname; en*
 - (iii) die bedrag waardeur die waarde toegeken aan die sleutelaanname moet verander, na inkorporering van enige gevolglike uitwerking van daardie verandering op die ander veranderlikes wat gebruik word om die verhaalbare bedrag te meet, sodat die eenheid se verhaalbare bedrag gelyk kan wees aan die drabedrag daarvan.*

.125 *Indien sommige van of al die drabedrae van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur oor veelvuldige kontantgenererende eenhede heen toegedeel word, en die bedrag wat so aan elke eenheid toegedeel word, nie beduidend is vergeleke met die entiteit se totale drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur nie, moet dit openbaar gemaak word, tesame met die saamgevoegde drabedrag of ontasbare bates met onbepaalde nutsduur wat aan daardie eenhede toegedeel word. Indien die verhaalbare bedrae van enige van daardie eenhede daarbenewens op dieselfde sleutelaanname(s) gebaseer is en die*

saamgevoegde drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur wat aan hulle toegedeel is, beduidend is vergeleke met die entiteit se totale drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur, moet 'n entiteit dit openbaar maak, tesame met:

- (a) die saamgevoegde drabedrag van ontasbare bates met onbepaalde nutsduur wat aan daardie eenhede toegedeel is;*
- (b) 'n beskrywing van die sleutelaanname(s);*
- (c) 'n beskrywing van bestuur se benadering tot die vasstelling van die waarde(s) wat aan die sleutelaanname(s) toegeken is, of daardie waarde(s) vorige ervaring weerspieël of, indien toepaslik, in ooreenstemming is met eksterne inligtingsbronne of nie en, indien nie, hoe en waarom dit van vorige ervaring of eksterne inligtingsbronne verskil; en*
- (d) indien 'n redelikerwys moontlike verandering in die sleutelaanname(s) kan veroorsaak dat die totaal van die eenhede se drabedrae die totaal van hul verhaalbare bedrae oorskry:*
 - (i) die bedrag waarmee die totaal van die eenhede se verhaalbare bedrae die totaal van hul drabedrae kan oorskry;*
 - (ii) die waarde(s) toegeken aan die sleutelaanname(s); en*
 - (iii) die bedrag waardeur die waarde(s) toegeken aan die sleutelaanname(s) moet verander, na inkorporering van enige gevolglike uitwerking van die verandering op die ander veranderlikes wat gebruik word om verhaalbare bedrag te meet, sodat die totaal van die eenhede se verhaalbare bedrae gelyk kan wees aan die totaal van hul drabedrae.*

.126 Die jongste gedetailleerde berekening wat in 'n voorafgaande tydperk van die verhaalbare bedrag van 'n kontantgenererende eenheid gemaak is, kan, ooreenkomstig paragraaf .36, in die waardedalingstoets vir daardie eenheid in die huidige tydperk oorgedra word en gebruik word mits daar aan gespesifiseerde maatstawwe voldoen word. Indien dit die geval is, het die inligting vir daardie eenheid wat geïnkorporeer is by die openbaarmakings wat deur paragraaf .124 en .125 vereis word, betrekking op die berekening van die verhaalbare bedrag wat oorgedra is.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

.127 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.

Wysigings aan die Standaarde van AERP

.128 Paragraaf .10, .12, .13, .14, .15, .16, .23, .26, .28, .80, .100 en .120 is gewysig en paragraaf .11 is bygevoeg deur die Verbeterings aan die

Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwendig toepas vir jaartydperke wat begin op of na 1 April 2015. As 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .129 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat gepubliseer moet word ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .130 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Bylae A

Vloeikaart om 'n waardedalingsverlies vir kontantgenererende bates en kontantgenererende eenhede te bepaal

Die bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel uit van die Standaard nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig en om te help met die opheldering van die betekenis daarvan.


Die vloeikaart is van toepassing op kontantgenererende eenhede en kontantgenererende bates sodra 'n evaluering gedoen is om vas te stel of die bate 'n kontantgenererende bate is ná die toepassing van die beginsels in paragraaf .11 tot .16.

Die doel met die vloeikaart op die volgende bladsy is om die stappe te identifiseer wat 'n entiteit moet volg:

- om te bepaal of daar waardedaling van 'n kontantgenererende bate of kontantgenererende eenheid voorgekom het (bylae A1); en
- om die verhaalbare bedrag vas te stel wanneer een van die aanduidings van waardedaling geaktiveer is (bylae A2).


Bylae A1

Bepaal of daar waardedaling van 'n kontantgenererende bate of kontantgenererende eenheid voorgekom het



Bylae A2

Bepaal die verhaalbare bedrag wanneer een van die aanduidings van waardedaling in werking gestel is




Bylae B

Hierdie bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel uit van die Standaard van AERP nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig en om te help met die opheldering van die betekenis daarvan.

Ter wille van eenvoud en duidelikheid aanvaar hierdie vloeikaart dat enige bate wat deel van 'n kontantgenererende eenheid (KGE) is, ook bydra tot dienspotensiaal aan niekontantgenererende bedrywighede. Waar 'n bate slegs dienspotensiaal tot een of meer KGE's bydra, maar nie tot niekontantgenererende bedrywighede nie, raadpleeg entiteite die tersaaklike rekeningkundige standaard wat ooreenkomstig paragraaf .96 oor sodanige omstandighede handel.

Individuele bates in kontantgenererende eenhede (KGE's)



Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings bevat die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat met die in rekening bring van waardedaling van kontantgenererende bates verband hou. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates (GRAP 26), maar is nie deel daarvan nie.

Inleiding

- BC1. Hierdie Standaard van AERP skryf die prosedures voor wat 'n entiteit toepas om te bepaal of 'n kontantgenererende bate in waarde gedaal het en vas te stel hoe die waardedaling erken en gemeet word. Hierdie Standaard berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-generating Assets* (IPSAS 26). By die ontwikkeling van hierdie Standaard het die Raad ook uitsprake oorweeg wat uitgereik is deur ander standaardstellende liggame wat werk met die in rekening bring van waardedaling van bates.
- BC2. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings som die belangrike afwykings van IPSAS 26 op, asook die redes vir sodanige afwykings.

Omvang

Insluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word

- BC3. Eiendom, aanleg en toerusting wat ooreenkomstig die herwaardasie-model teen herwaardeerde bedrae gedra word, is binne die omvang van die International Accounting Standard oor *Impairment of Assets* (IAS 36).
- BC4. Die omvang van IPSAS 21 sluit egter niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting uit wat ooreenkomstig die herwaardasie-model in die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17) teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die grondslag vir gevolgtrekkings in IPSAS 21 stel dit dat die IPSASB van die standpunt uitgaan dat bates wat ooreenkomstig die herwaardasie-model in IPSAS 17 teen herwaardeerde bedrae gedra word, met voldoende gereeldheid herwaardeer moet word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik verskil van hul billike waarde op die verslagdoeningsdatum nie. Waardedaling moet derhalwe in daardie waardasie in berekening gebring word.
- BC5. 'n Vergelykbare omvangsuitsluiting vir kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is ingesluit in IPSAS 26. Die IPSASB het tot die gevolgtrekking gekom dat dit beswarend kan wees om 'n vereiste te stel om te toets vir waardedaling bykomend tot die bestaande vereiste in IPSAS 17, wat vereis dat bates met voldoende gereeldheid herwaardeer moet word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik verskil van hul billike waarde op die verslagdoeningsdatum nie. Die IPSASB het gevolglik tot die slotsom gekom dat konsekwentheid vergeleke met IPSAS 21 voorkeur behoort te geniet.

- BC6. In hul redes waarom eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, uitgesluit moet word uit die omvang van IPSAS 26, het die IPSASB opgemerk dat in IAS 36 die maksimum bedrag van 'n waardedalingsverlies die vervreemdingskoste is. Dit is veral ter sake in gevalle waar die billike waarde van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem die markwaarde daarvan is. Die IPSASB is van oordeel dat dit in die meeste gevalle nie wesenlik sal wees nie en dat dit, uit 'n praktiese oogpunt, nie nodig is om 'n bate se verhaalbare diensbedrag te meet en om 'n waardedalingsverlies vir die vervreemdingskoste van die bate te erken nie.
- BC7. Die Raad stem egter saam met die omvangsinsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word soos in IAS 36. Die Raad is van oordeel dat dit nie te beswarend sal wees om op elke verslagdoeningsdatum te bepaal of daar 'n aanduiding is dat 'n waardedaling van 'n bate voorgekom het nie, of dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir die bate erken is, nie meer bestaan nie.
- BC8. Die Raad is ook van oordeel dat entiteite nie hul bates met “voldoende gereeldheid” mag herwaardeer nie, aangesien die koste van herwaardering van bepaalde openbaresektorbates aanvanklik taamlik hoog kan wees. Die vervreemdingskoste van bepaalde gespesialiseerde bates in die openbare sektor kan derhalwe beduidend wees. Die omvangsuitsluiting van kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is derhalwe nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Insluiting van ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word

- BC9. Om soortgelyke redes as dié wat aangegee word vir die omvangsuitsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, het die IPSASB ook die waardedaling van kontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, uitgesluit. IAS 36 sluit egter die waardedaling van sodanige ontasbare bates by die omvang van die Standaard in.
- BC10. Om soortgelyke redes as dié wat aangegee word in die omvangsinsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, stem die Raad saam met die omvangsinsluiting van waardedaling van ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae soos in IAS 36 gedra word. Die omvangsuitsluiting vir die waardedaling van kontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, word derhalwe nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Hantering van klandisiewaarde

- BC11. IAS 36 bevat omvattende vereistes en riglyne oor die waardedaling van klandisiewaarde, die toedeling van klandisiewaarde aan kontantgenererende eenhede en toetsing van kontantgenererende eenhede met klandisiewaarde vir waardedaling. Die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie* vereis dat die verskil tussen die bates wat verkry is en laste wat aanvaar is en die vergoeding wat oorgedra is (indien daar is) met ingang van die verkrygingsdatum in surplus of tekort erken word. Indien geen klandisiewaarde in die staat van finansiële stand erken word nie, is die beginsels van die waardedaling van klandisiewaarde nie van toepassing nie.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-generating Assets* (Januarie 2008)

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-generating Assets* (IPSAS 26). Die vernaamste verskille tussen hierdie Standaard en IPSAS 26 is soos volg:

- Hierdie Standaard van AERP maak in sekere gevalle van ander terminologie as IPSAS 26 gebruik. Die beduidendste voorbeeld is die gebruik van die term “netto bates” in hierdie Standaard. Die gelykwaardige term in IPSAS 21 is “net assets/equity”.
- Kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, en ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is nie uit hierdie Standaard uitgesluit nie. Bykomende riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese vir bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, en bykomende openbaarmakings wat op sulke bates betrekking het, is ook in hierdie Standaard ingesluit. Bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is uit IPSAS 26 uitgesluit. Gevolglik is riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese wat op sulke bates betrekking het, ook nie in IPSAS 26 ingesluit nie.
- Die riglyne in hierdie Standaard is in ooreenstemming gebring met die riglyne in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* (AERP 21).
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 26.
- 'n Vloeikaart word as 'n bylae ingesluit om entiteite by te staan met vasstelling of daar waardedaling van 'n kontantgenererende bate of kontantgenererende eenheid voorgekom het en om die verhaalbare bedrag te bepaal wanneer een van die aanduiders van waardedaling geaktiveer is.
- Die bylaes met verduidelikende voorbeelde oor die gebruik van huidigewaardetegnieke om waarde in gebruik te meet en verduidelikende riglyne is uit hierdie Standaard weggelaat.